Augustus 2018

flink AFRIKAANS



Anthonie Bougas

Die horison is binne sy bereik

kreatief saamgestel deur die fak

ink jou kalender!

27 Augustus
Die Bybel in Afrikaans, 85 jaar

12 September
FAK en SA Akademie
Geskiedenis-simposium, Pretoria
Bespreek jou plek | samantha@fak.org.za

15 September
Bekendstelling van Ekspo-wenners
FLINK | klik hier

21-24 September
Sing in Harmonie Finaal, Krugersdorp
Bespreek jou plek | klik hier

26 September
Prestige-toekenning aan Rina Hugo
Cantare Koorfees, Alberton
Bespreek jou plek | 082 257 1407

18 & 19 Oktober
Prestige-toekenning aan Manuel Escorció
Afri-Duetfees, Pretoria
Bespreek jou plek | klik hier

26 Oktober
FAK Prestige-aand, Pretoria
Bespreek jou plek | samantha@fak.org.za

27 November - **2** Desember
FAK-Hoofleiersimposium
(Graad 10-11), Sediba Kwêle
Bespreek jou plek | samantha@fak.org.za



flink AFRIKAANS

inhoud

4 Taalvyltjie

5 Legende

6 Anthonie Bougas

9 Annicy Brussel se boek

10 Oom Paul se graf

11 Pres. Brand se graf

12 Zoeloekoning

13 Sjef Rachel Botes en melktert

14 Stroomop-boek en fliek

16 Standbeeld van vroueregte

18 Boekresensie

19 Die stem van Eva

20 Jan Blohm Tiener-Tameletjie

21 @journoandbaker Kultuurkalender

22 Die Dameskring

23 Geskiedenis

op ons voorblad

Anthonie Bougas: Trappie vir trappie na sukses



Redakteursbrief

Flink vier nie net sy eerste verjaarsdag met dié uitgawe nie, maar ook vroue en vrouwees.

Al is Anthonie Bougas, aanbieder van onder meer die skolekoorkompetisie, *Sing in Harmonie*, op die voorblad, praat hy oor sy groot liefde vir sy ma, Rensche, en toekomstige vrou, Launette.

Sjef Rachel Botes vertel hoekom sy 'n meestersgraad oor die melktert doen, ons bring hulde aan Esmé Euvrard, die liefling van Springbok Radio, ons ontmoet Annicy Brussel, wat 'n boek geskryf het oor haar grootwordjare in Keimoes in die Noord-Kaap, ons gedenk die dapperheid van Millicent Garrett Fawcett met haar Suid-Afrikaanse wortels en vier ons Vrouemaand saam met Donnalee Roberts en Ivan Botha, akteurspaar en vervaardigers van die rolprent en gelyknamige roman, *Stroomop*.




Christa Steyn skryf oor hoe daar verskeie menings oor vrouwees en die waarde van vrouens in die kerk is, Petronel Fourie leer ken die skrywer Antoinette Pienaar en ons vind meer uit oor Die Dameskring.

Daantjie Dinamiet resenseer Jan Blohm se jongste album en @journoandbaker wys ons hoe om bierbrood te maak.

Die FAK het ook onlangs besluit om die beskadigde graf van Oom Paul in die Heldeakker in Pretoria te herstel nadat dit gevandaliseer is en besoek by koning Goodwill Zwelithini word afgelê.

Ek hoop julle sal hierdie propvolle Flink geniet.

Seugnet van Zyl



flink 'n e-pos

Inhoud seugnet@fak.org.za
Advertensies johan@fak.org.za

tuiste. trots. toekoms.

Die FAK is 'n toekomsgerigte kultuurorganisasie wat 'n tuiste vir die Afrikaanse taal en kultuur bied en ons trotse Afrikanergeskiedenis positief bevorder.

Kontak ons: 012 301 1777 | fak@fak.org.za | www.fak.org.za

Bnova Design cc

Oor *gunstelinge* en *reuse*

Verlede maand het ek gesê ek wil gesels oor die hantering van *gunsteling* as 'n bepaling by 'n ander selfstandige naamwoord.

Soos almal weet, is 'n taal – in ons geval Afrikaans – nie iets staties nie. Die taal verander voortdurend omdat die wêreld waarin hy gebruik word, voortdurend verander en die mense wat hom in daardie wêreld gebruik, ook voortdurend verander. 'n Mens kan dié verandering maklik sien in onder meer die woorde van die taal: nuwes kom in en oues verdwyn algaande uit algemene gebruik.

Hoeveel jong(erige) mense weet vandag nog wat 'n kardoes of 'n lampetbeker of selfs 'n kamerpot is? En mense van 1918 of selfs 1968 sou glad nie geweet het wat 'n rekenaarmuis of 'n hommeltuig of 'n selfoon is nie.

Nog 'n manier waarop woorde wys hoe die taal verander, is dat hulle funksie – dit wil sê die manier waarop ons hulle gebruik – verander. 'n Klassieke voorbeeld is die woord *luuks*, of eintlik *luukse*: Toe ek op skool was, en selfs nog toe ek as 'n taalpraktisyn begin werk het, is *luukse* in skryftaal slegs as 'n selfstandige naamwoord erken: iets was 'n *luukse* en gevolglik was dit ook 'n *luuksebus* (een woord) en 'n *luukseartikel* (want onthou: een selfstandige naamwoord wat 'n ander bepaal, word vas daaraan geskryf).

Mettertyd het Afrikaans egter begin sê die bus is baie *luuks* en dus was dit 'n *luukse bus* en mense kon *luuks reis*. Hier het die selfstandige naamwoord *luukse* dus volledig 'n byvoeglike naamwoord en 'n bywoord geword, terwyl ons vroeër luuksueus as byvoeglike naamwoord en bywoord moes gebruik.

Sulke veranderinge tree gewoonlik eers in die spreektaal in voordat dit in die skryftaal plaasvind, en dit gebeur natuurlik vandag nog.

Een voorbeeld van 'n selfstandige naamwoord wat baie vinnig aan die verander is en wat 'n mens toenemend ook in die skryftaal sien, is *standaard*. Hoewel mense wat hulle Afrikaans noukeurig wil skryf, miskien nog sal huiwer om dit is 'n *standaard eienskap* (i.p.v. *standaardeienskap)* te skryf, sien 'n mens al hoe meer iets soos *hierdie eienskap* ***is standaard*** *in die nuwe model, of bankkaarte* ***kom standaard*** *met mikroskyfies in.* In laasgenoemde twee gebruike word *standaard* dus as onderskeidelik 'n predikatiewe byvoeglike naamwoord en 'n bywoord gebruik, en dit sê al baie daarvoor om standaard as 'n byvoeglike naamwoord/bywoord te erken, soos *luuks*.

Dit beteken natuurlik nie dat *luukse, standaard* en dergelike nie steeds as selfstandige naamwoorde gebruik kan word nie. *Dit blyk onder meer daaruit dat hulle steeds meervouds- en verkleiningsuitgange kan kry, soos ons sny uitgawes aan luukses; nou en dan gun ek my die luuksetjie van restaurantete; of hulle stel baie hoë standaarde.*

Sulke veranderinge is 'n proses en tree gewoonlik met verloop van tyd in – nie sommer eensklaps nie.

Die jongste *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (Pharos 2017) gee erkenning aan en bespreek hierdie proses in opmerking (b) by reël 15.28 (bl. 186). Van die soort gevalle wat daar behandel word, is daar drie wat m.i. baie dikwels probleme vir Afrikaansskrywendes gee, naamlik *standaard, gunsteling* en *reus(e)*.

Myns insiens het *standaard* reeds die verste van dié drie op die pad van adjektivering en adverbialisering gevorder, soos ek hier bo probeer aandui het. Vir my het die ander twee nog nie naastenby dieselfde mate van gebruiksverandering ondergaan wat dit sou regverdig om hulle as byvoeglike naamwoorde en/of bywoorde (en die skryfwysemoontlikhede wat dit sal meebring) te erken nie.

Terwyl *standaard* reeds ook as byvoeglike naamwoord en bywoord gebruik word, soos hier bo aangedui, kan dit nog nie met *gunsteling* en *reus(e)* gebeur nie. Kyk byvoorbeeld na die volgende:

Dit is 'n standaardeienskap/
?standaard eienskap.
en
Die eienskap is deesdae standaard.

Dit is my gunstellingrestaurant.
maar nie
*Die restaurant is altyd gunsteling.

'n Reusesaamtrek is gehou.
maar nie
*Die saamtrek was reus/reuse.

En *Bankkaarte* ***kom standaard*** *met mikroskyfies in*, maar nie **Ons* ***eet gunsteling*** *in daardie restaurant* of **Hulle skuld* ***beloop reus/reuse*** nie.

'n Mens kan dus nie *gunsteling* en *reus(e)* predikatief of bywoordelik gebruik (soos in die sinnetjies met die asteriske) nie, tensy jy iets anders daarmee doen, soos:

Die restaurant is ***my*** *gunsteling* of *Die restaurant is* ***'n*** *gunsteling*, waarin die besitlike voornaamwoord of die lidwoord *gunsteling* ondubbelsinnig 'n selfstandige naamwoord maak,

en

Die saamtrek was ***reusagtig*** of *Dit was* ***'n reusesaamtrek***, waarin *reus* 'n byvoeglike naamwoord gemaak word met behulp van die agtervoegsel *-agtig* of as 'n selfstandigenaamwoordstam in 'n samestelling gebruik word. (Onthou ook dat die slot**-e** in iets soos *reusesaamtrek, reusebranders, reusetent* ens. 'n verbindingsklank is en nie die meervoudsagtervoegsel nie.)

Vir my is dit oorgenoeg rede om te sê dat *reus* en *gunsteling* nog nie so ver as *luukse* en dalk *standaard* gevorder het nie, en steeds nog vas geskryf moet word aan die woord wat deur hulle bepaal word. In verreweg die meeste Afrikaanse samestellings is die eerste deel immers 'n **bepaler**, dit wil sê dit sê iets meer oor die laaste lid van die samestelling; dit is miskien die rede waarom baie mense die bepaler los skryf asof dit 'n byvoeglike naamwoord is!

JD (Tom) McLachlan

Esmé Euvrard – die liefling van Springbok Radio





In die jare voordat televisie na Suid-Afrika gekom het, het radio-omroepers groot bekendheid verwerf selfs al kon mense nie altyd hul gesigte sien nie.

Een persoon wat beslis in daardie kategorie geval het, was Esmé Euvrard, wat nie net gereeld op Springbok Radio gehoor kon word nie, maar ook in 'n aantal rolprente, en ook later op televisie, te sien was. Esmé is op 19 Mei 1919 in die Vrystaatse dorp Smithfield gebore en was die jongste van vier kinders.

Esmé sal veral onthou word vir *Só maak mens*, 'n program wat sy jare lank saam met Jan Cronjé op Springbok Radio aangebied het en waarin verskeie huishoudelike wenke en resepte gedeel is. Hierdie program is uitgesaai totdat Springbok Radio in 1985 van die lug verdwyn het. Die program is van 1950 af onder die titel *This is how* uitgesaai, maar in 1957 is daar besluit om dit in Afrikaans te verander. Met die sluiting van Springbok Radio is dit nog twee jaar lank op Radio Suid-Afrika uitgesaai. Sy was ook die aanbieder van *Aan die pasiënte*, 'n versoekprogram vir mense wat in die hospitaal was of tuis siek was en op die Afrikaanse radiodiens van die SAUK uitgesaai is. Sy en Paul Desmond was mede-aanbieders van *Springbok Rendezvous*, 'n program op Springbok Radio vir die manne en vroue in uniform wat uit versoeke en musiek bestaan het.

Daarby het Esmé ook haar merk as aktrise gemaak. Haar eerste rolprent was *Man in die donker*, met Truida Louw as regisseur. Truida was die suster van die liedjieskrywer Jan Pohl en die aktrise Anna Neethling-Pohl en die eerste vroulike rolprentregisseur in Suid-Afrika. In 1969 was sy saam met Al Debbo, Dirk de Villiers en Jane Seymour te sien in *Stadig oor die klippe*, waarin sy die rol van mev. Bosman, die vrou van die bankbestuurder op die fiktiewe dorp Geenfontein vertolk het. Met die koms van televisie het sy die rol van Evie Vermaak teenoor Dana Niehaus in *Net 'n bietjie liefde*, een van die heel eerste Afrikaanse televisiereekse, vertolk. Sy het ook later gereeld in advertensies van Punch-waspoeier verskyn. Esmé het ook diereverhale vertel en dit is in 1988 op 'n langspeelplaat uitgereik.

Esmé was getroud met die Portugees-gebore flamenco-kitaarspeler Gilberto Bonegio en toe die Mercedes Molina-dansateljee in 1958 gestig is, het hulle albei daarby aangesluit. Min mense weet seker dat Esmé 'n uiters talentvolle sangeres was en sy en Gilberto het minstens een plaat saam opgeneem. Hy is in 1964 oorlede; hy was in 'n motorongeluk en was twintig maande lank in 'n koma voordat hy dood is.

Esmé is op 11 September 1993 in die ouderdom van 74 jaar in Johannesburg oorlede.

Daantjie Dinamiet



ANTHONIE BOUGAS



Chantelle Loots
Michelle Draper
Seugnet van Zyl
Klerekas.com
De La Mas Venue

se ster skitter steeds

Hy is lankal nie net meer 'n wenner van die Afrikaanse TV-program en musiek-kompetisie *Supersterre* nie.

Elf jaar later vervaardig Anthonie Bougas (26) vandag verskeie Afrikaanse televisieprogramme en werk daar 'n span van 35 mense saam met hom, waar hulle regoor die land wyd en syd na talent soek.

Toe hy maar 15 jaar oud was, het hy as tiener harte gesteel op *Supersterre* met Patricia Lewis as aanbieder.

Hy het dit opgevolg met 'n rol in die kykNET-sepie *Villa Rosa* en toe sy eie produksiemaatskappy gevestig, waar hy programme soos *Sing in Harmonie, Solis vir Christus, Kleuterzone, Uitblinkers, Dans in jou Taal* en *Rugbyramme* vervaardig wat op kykNET NOU! en kykNET & kie uitgesaai word.

Ná sy oorwinning op *Supersterre*, waar hy nie net die jongste deelnemer was nie, maar ook die eerste was om sy eie oorspronklike komposisie te sing, het hy voor 'n groot keuse te staan gekom. Moet hy teruggaan skool en eers later die droom van sang uitleef of tuisonderrig word terwyl hy sy sangloopbaan navolg?

Met die hulp van sy ma, Rensche, het hy homself 'n jaar tyd gegee om dié nuwe loopbaan 'n kans te gee.

"Sy het absoluut haar loopbaan vir my opgeoffer en alles ingesit tot vandag toe nog. Sy is al 11 jaar saam met my. Sy werk saam met my. Ons werk saam aan dié ding. Sy is 'n absolute dryfkrag agter elke program, elke episode en sy is nogsteeds ook betrokke by alles. Sy is omtrent aan die gang."

Hy som haar op as 'n ekstrovert, *go-getter* en sy glo dat alles gaan werk. Hulle het destyds saam 'n skoletoer begin met die besef dat kinders Anthonie se grootste aanhangers was.

"Ek het toe 'n skoletoer begin, waar ek letterlik die land platgetoer het. Daar was letterlik by die 200 dorpe en nagenoeg 500 skole. Ek het 'n kaart gehad waar ek dié dorpe met 'n ink-vaste pen gemerk en die skole in daai omgewing tydens dié toer besoek het."

"My ma het toe al saam met my begin werk. Sy het haar werk bedank om by myne aan te sluit."

Hy sê die gedagte was dat hy by elke Afrikaanse laerskool in die land 'n draai wou maak, met die hoop om só op sy bekendheid as die wenner van *Supersterre* voort te bou.

Anthonie het destyds alle beeld- en klankmateriaal self op 'n skootrekenaar geredigeer terwyl nog iemand die klank- en kamerawerk behartig het.


"Ons het nie baie toerusting gehad nie. Net twee luidsprekers en 'n kamera en dít het die ding gedoen vir 'n jaar lank. En toe ná 'n jaar begin ons toe meer raak. Toe was ons so vier/vyf gewees."

Aan die einde van 2014 is Anthonie se televisieprogramme op kykNET NOU! begin uitsaai.

"Ons het letterlik in 'n kwessie van 'n jaar van een program na drie gespring. Toe word *Tienerzone* 'n reeks met *Kleuterzone* en *Sing in Harmonie* tegelyk."

Skielik het die span ook na 12 mense gegroei.

In 2016 is *Dans in jou Taal* en die *Kleuterzone* Nasionale Kampioen-skappe gebore. Die jaar daarna het *Rugbyramme* bygekom en vandag vervaardig Anthonie en sy span vyf programme wat 8 konsepte insluit.



“Sukses gaan baie oor geluk, maar dit gaan ook vir my oor die baie wat jy moes opgee. Ek het byvoorbeeld my kinderlewe en moontlike studente-lewe opgegee vir wat ek het vandag het.”

Elke program wat Anthonie vervaardig, het 'n Christelike grondslag.

“Met ons programme bereik ons 55 000 kinders per jaar. Ek probeer dus om elke keer op 'n Christelike grondslag 'n boodskap deur te kry aan die kinders met die hoop dat hulle dit sal onthou.”

Anthonie leef sy eie Christenskap deur musiek uit en probeer hy ook só 'n rolmodel vir ander wees. Afrikaans en jongmense lê hom nog altyd baie na aan die hart.

“Ons is Suid-Afrikaans, maar trots Afrikaans. Dis 'n absolute voorreg om in Afrikaans 'n beroep te kan nastreef.”

Waar hy *Sing in Harmonie*, die nasionale skolekoorkompetisie, ses reekse gelede met 24 kore begin het, is daar vanjaar 180 kore wat deelneem. Volgens hom is dit nagenoeg 15 000 koorlede.

Die FAK is vir die tweede agtereenvolgende jaar as vennoot van dié kompetisie betrokke.

“Dit is wonderlik om te sien hoe musiek 'n taal is wat ons almal verstaan. *Sing in Harmonie* is een van die min kompetisies wat kore van regoor die land die geleentheid gee om nie net deel te neem teen mekaar nie, maar ook tydens die finaal te luister na mekaar. Ek sien hierdie jaar hoe koorlede vir die eerste keer kan hoor hoe harmonieë klink wanneer dit bymekaar kom in 'n optrede. Die skouspelagtige ervaring van televisie, ligte, kamera, ensovoorts het geweldige blootstelling tot gevolg en kweek 'n opgewondenheid wat woorde nie kan beskryf nie. Ek dink koorsang is nie meer net 'n aktiwiteit by skole nie, dit word 'n prestasie om in 'n koor te sing. Dit is wonderlik om te sien hoe dít kinderharte aanraak.”

Om die kinders, wat by sy onderskeie programme betrokke is, se reaksie te sien nadat hulle hul

Hy sê die lekkerste vir hom is om **'n idee uit te dink** en dít te sien gebeur.



verskyning op die verhoog gemaak het, is vir hom baie bevredigend. “Om te sien dat ons iets beteken in 'n kind se lewe, wat hy of sy vir ewig sal onthou, hetsy dit was om op TV te wees en of dit was om saam met Jo Black te sing tydens die finaal hierdie jaar.”

Anthonie het vroeër vanjaar op net so skouspelagtige wyse aan sy trouvrou, Launette van Niekerk, in Thailand verloof geraak.

Launette, 'n dramaskoolonderwyseres van Parys in die Vrystaat, het dadelik verskeie van sy “boksies” afgemerk.

Nadat hy haar aanvanklik op Facebook leer ken het, het hy tydens 'n koffie-afspraak binne 45 minute geweet, “hier kom 'n ding”.

In die daaropvolgende drie maande het hy 9 000 km tussen Pretoria en Parys afgelê om haar hart te wen.

“Ek veg vir 'n doelwit. Ek hou aan met 'n ding. Ek het geweet sy is dié een.”

Anthonie het Launette in April na die Phi Phi-eilande in Thailand geneem waar hulle 'n “advertensie” sou verfilm. Aan die einde van die video moes Launette 'n hartvormige juweliersboksie oopmaak en dan 'n briefie daarin lees. Anthonie het op 'n getikte briefie haar die groot vraag gevra en sy kon nie anders as om “ja” te sê nie.

Hy sê hy wou nog altyd sy verlowing op kamera vaslê sodat hy en sy geliefde vir altyd daarna kan kyk en ook vir ander kan wys.

Annicy Brussel se boek

Enkele dae voor Vrouedag, het Annicy Brussel, oorspronklik van Keimoes in die Noord-Kaap, haar debuutboek oor haar grootwordjare in dié dorpie, aan haar bejaarde ma in 'n plakkerskamp in Bloemfontein gegee.



Annicy en haar ma, Sherene (71) en 'n foto van haar oorlede Dedda, Richard.

Buiten dat sy nooit sou kon raai dat sy op 40 'n boek sou skryf nie, was haar ander groot droom om uiteindelik dié boek, *Kaalvoetkjint van Keimoes*, aan haar ouers, Richard en Sherene (71), te gee.

Haar pa is ongelukkig tydens die skryf van die boek oorlede. Haar ma het tydens die oorhandiging gesê: "Dis 'n groot voorreg."

Vir Annicy (46), 'n tandartsassistent van Johannesburg, het die skryf en oorhandiging van die boek, "'n positiewe uitkyk op die lewe gebring".

"Ek het baie meer selfvertroue ontwikkel en is nou in staat om enige uitdaging aan te gryp met die gedagte om dít klaar te maak."

Die volgende oggend het sy leerlinge aan haar ou hoërskool, Heatherdale Sekondêre Skool, toegespreek en getekende eksemplare van die boek aan die skool oorhandig.

"Ek staan hier as 'n voorbeeld. Die toekoms lê in julle hande en in niemand anders s'n nie," het sy aan die leerlinge gesê terwyl sy haar hande omhoog gehou het.

Annicy het besluit om hierdie boek te skryf ná 'n doodgewone gesprek oor haar kinderjare in die tandarts se praktyk met iemand een oggend in die tandarts se spreekkamer.

"Keimoes het my die mens gemaak wie ek is. Ek het dié boek nie net vir my geskryf nie, maar vir Keimoes."

Dié kaalvoetkjint van Keimoes skryf in 'n Afrikaans eie aan die Oranjestreek oor 'n ouma wat 'n skelbek was, van appelkoosjam, sy onthou van voorlees uit die Bybel vir haar oupa wat ongeletterd was, en die musiek van die grem, en die plek wat die swart en wit tiewie later ingeneem het.

Carl Theunissen, draaiboekskrywer, navorser en regisseur, het die interessante tandartsassistent toevallig ontmoet.

Theunissen sê: "Annicy se storie moes net geskryf word. Op haar vertelmanier. *Kaalvoetkjint van Keimoes* beskrywe 'n wêreld wat was, so kleurryk en met insig dat jy die mense, gebeure en plekke, lewendig, nou ervaar."

Die publikasie daarvan het met die welkome tussentrede van die FAK moontlik geword: 'n Onopgesmukte lekkerleesverhaal met passende sketse van Zandré le Roux, 'n matriekleerling aan die Hoërskool Centurion.

Dr. Danie Langner, besturende direkteur van die FAK sê Annicy is 'n merkwaardige vrou.

"*Kaalvoetkjint van Keimoes* is 'n mens-mens storie. Op persoonlike vlak is haar boek vir Aniccy 'n ondenkbare droom wat waar geword het, maar vir Afrikaans is dit 'n waardevolle kulturele onthoustorie wat vertel word met die varsheid van die Oranjerivierstreek. Dankie aan Chrisna Nel, publikasie-redakteur van die FAK, wat gehelp het om *Kaalvoetkjint van Keimoes* die lig te laat sien. Dit was vir die FAK 'n lekker, inspirerende projek. Beslis 'n hoogtepunt."

Seugnet van Zyl



Sherene, Annicy se ma, Annicy en Carl (Tienie) Theunissen, wat haar gehelp skryf het aan die boek, voor haar ma se huis in die Gatvol-plakkerskamp in Bloemfontein.



Lees die berig in Volksblad

Lees die berig in Bloemfontein Courant

Oom Paul se graf beskadig



Vandale het die graf van President Paul Kruger op 11 Julie in die Heldeakker, Pretoria geteiken. Groot skade is aangerig deur die borsbeeld op sy graf te vernietig.

In 1995 het vandale ook President Kruger se graf verniel en die oorspronklike marmerbeeld beskadig. In die proses het die groot grafblad ook seergekry – die krake lê steeds oor die Hollandse boodskap: "Gestorven in Ballingschap te Clarens, in Switzerland". Kort ná die insident is die beskadigde marmerbeeld met 'n bronsbeeld vervang. Die bronsbeeld is ook later met 'n afbeelding van dié beeld uit veselglas vervang.

President Kruger is op 14 Julie 1904 in Clarens, Switzerland oorlede en op 16 Desember 1904 in die Heldeakker te ruste gelê. Meer as 20 000 persone het die begrafnis bygewoon.

Die FAK was, in samewerking met die Ou Presidensie Historiese vereniging, betrokke by die beveiliging van President JH Brand se familiekerkhof in Bloemfontein. Die nuwe heining is onthul tydens die 130ste herdenking van President JH Brand se sterfdag op 14 Julie 1888.

"Skaars is een President se graf beveilig, of 'n ander President se graf word verniel. Die wyse waarop Afrikanererfenisse geteiken word, is kommerwekkend. Ten spyte van die departement van kuns en kultuur se standpunt dat standbeelde en monumente nie beskadig moet word nie, ontbreek die politieke wil om die vandalisme van Afrikanererfenisse stop te sit. Dit plaas groter druk op kultuurorganisasies om met beperkte fondse self in te gryp om Afrikaners se historiese erfenis, soos die beeld en grafsteen, te herstel en te beveilig," sê dr. Danie Langner, besturende direkteur van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK).

Die Tshwane-metroraad is verantwoordelik vir die bestuur van die Heldeakker. Die historiese begraafplaas is die laaste rusplek van verskeie historiese figure, onder andere Koningin Victoria se kleinseun, prins Christian Victor, Jopie Fourie, Andries Pretorius, genl. Louis Botha, Afrikaanse digters soos Eugène Marais en Jan FE Celliers, asook voormalige Eerste ministers H.F. Verwoerd en J.G. Strijdom.

Diegene wat die FAK geldelik wil ondersteun om die beeld te herstel, kan R10 per SMS bydra. SMS "Kruger" en jou naam na 38508 (SMS'e kos R10).

**Die FAK is 'n organisasie sonder winsbejag.*


Seugnet van Zyl



KYK HIER



Word 'n FAK-VRIEND
Klik hier







Pres. Brand se graf herstel

Op Saterdag 14 Julie het die Ou Presidensie Historiese Vereniging in Bloemfontein saam met ander kultuurorganisasies die sterfdag van president Brand, 130 jaar gelede, herdenk.

Die FAK was betrokke by die projek om president Brand se graf en familiekerkhof te beveilig in die erg verwaarloosde president Brand-begraafplaas.

Johannes Henricus Brand was die oudste seun van die Kaapse politikus sir Christoffel Brand en lady Catharina Brand. Die Vrystaatse dorp Lady Brand, is later jare na haar vernoem. Brand voltooi sy regsopleiding in Kaapstad, waarna hy sy doktorsgraad in regte aan die Universiteit van Leiden verwerf. Met sy terugkeer na Kaapstad praktiseer hy as advokaat, doseer regte aan die Universiteit van Kaapstad en word as regter aangestel. In 1854 word hy lid van die Kaapse wetgewende vergadering en tot eerste speaker van die Kaapse parlement verkies. Ná president MW Pretorius se bedanking, versoek die Vrystaatse regering Brand om hom as president beskikbaar te stel. Op 2 Februarie 1864 word JH Brand op die ouderdom van 39 in die Tweetoringkerk as vierde staatspresident van die Republiek van die Oranje Vrystaat ingehuldig. Hy sou vir ses termyne oor 'n tydperk van 25 jaar as president dien tot sy dood op 14 Julie 1888.

Sy grootste nalatenskap is inderdaad die ontwikkeling van die Vrystaat in 'n modelstaat wat, volgens sir Theophilus Shepstone, die beste in Suid-Afrika geadministreer was en gefunksioneer het. Volgens Professor Giliomee het president Brand aan die republiek "groter samehorigheid en selfvertroue gegee. Teen die vroeë tagtigs was 'n staat gevestig. Hoewel nie ryk of ontwikkel nie, tog stewig en vooruitstrewend." Alhoewel president Brand die langsdienende staatshoof in die Suid-Afrikaanse geskiedenis was, het hy teen 2018 grootliks in die vergetelheid verdwyn. Tog is daar baie redes om in eietydse konteks sy nalatenskap weer af te stof en daaruit leidrade vir vandag se vraagstukke te soek. Dink maar aan: Die diplomatieke vaardighede en wysheid waarmee hy nie net die Basoetoevraagstuk opgelos het nie, maar ook die Britse grondonteiening van die diamantvelde in Kimberley in 'n wins vir die Republiek omskep het; Die vestiging van 'n staatsbank met die oog op finansiële selfstandigheid van die jong Republiek; Die uitwissing van korrupsie en 'n skoon staatsadministrasie; Die vestiging van 'n hoëgehalte-onderwysstelsel wat tot in die verste uithoeke van die Vrystaat geleenthede vir goeie onderrig verseker het; Die vestiging van 'n sterk regstelsel met die totstandkoming van die hooggeregshof in 1867 en die appèlhof in 1875. Vandag is Bloemfontein steeds die regshoofstad van Suid-Afrika; Die uitbou van infrastruktuur en handelsroetes om die ekonomie te stimuleer.

Ten tye van sy dood, was die planne vir 'n uitgebreide spoorwegstelsel reeds goedgekeur; en die gebruik van nuwe tegnologie om kommunikasie te vergemaklik. In 1879 is 'n moderne telegraafstelsel in Bloemfontein gevestig.

By hierdie lysie sou 'n verdraagsame regering wat nie net in noue kontak met sy burgers geleef het nie, maar diverse gemeenskappe konsekwent en met respek behandel het, ook gevoeg kon word. Die dieper antwoord op die vraag na die betekenis van president Brand in 2018 lê miskien eerder opgesluit in een woordjie, naamlik etos. Etos is die karakter en integriteit wat 'n gemeenskap, groep of volk kenmerk. President Brand se etos word die beste opgesom in sy bekende slagspreuk: "Alles sal regkom, as elkeen sy plig doen."

As oortuigde Christen het hy met dié etos die karakter van die Vrystaat gevorm en so lewensbeskoulike inhoud aan die republiek gegee. Onderliggend aan sy etos is die geloofsoortuiging dat arbeid adel is; dat plig ook 'n plesier is; aanvaarding van eie verantwoordelikheid om vir jou deeltjie te sorg en dit uit te bou en die gemeenskaplike strewe na 'n taak wat groter is as eiebelang. Geen wonder sy ampstermyne getuig van eienaarskap, trots, selfsorg, selfrespek en 'n lewenshouding van diensbaarheid nie. President Brand se standbeeld, opgerig in 1893, staan vandag steeds aan die bopunt van Maitlandstraat. Enersyds staan die beeld as 'n herinnering aan die etos van 'n suksesvolle staat, andersyds as 'n appèl op elke burger om sy plig te doen.

Danie Langner

FAK EN DIE ZOELOEKONING

Prof. Danie Goosen
Voorsitter, FAK-direksie



Regter Jerome Ngwenya, voorsitter van die Ngonyama-trust, Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, Koning Goodwill Zwelithini en Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging.

Vanjaar vier Afrikaners die 180ste jaar van die Groot Trek. Dit is immers soveel jaar gelede dat die slag van Bloedrivier, waarmee die Groot Trek onwillekeurig verbind word, gebeur het.

Teen die agtergrond van hierdie belangrike hoofstuk uit ons geskiedenis is dit betekenisvol dat die FAK onlangs saam met AfriForum en die Solidariteit Beweging koning Goodwill Zwelithini, die koning van die Zoeloevolk, besoek het.

Anders as met die gebeure van Bloedrivier was daar tydens die gesprek met die koning egter geen spoor te vind van die ou vyandigheid tussen die destydse Boere en Zoeloes nie. Inteendeel, as daar nog iets van die ou verlede in die agtergrond van ons gesprek aanwesig was, was dit eerder die hoogste mate van respek. Van sowel die kant van die Zoeloekoning as van die Afrikaners.

As sodanig was dit 'n duidelike illustrasie van 'n boodskap wat die FAK gereeld in die openbare lewe uitdra, naamlik dat die verskillende kultuurgemeenskappe mekaar wedersyds sal respekteer. Die gesprek het deurgaans in die teken daarvan gestaan.

Ook in ons deelname aan die feesvieringe die volgende dag om die koning se verjaarsdag te gedenk, is ons as Afrikaners slegs met die grootste mate van respek begroet. Tegelyk is ons opnuut onder die indruk gebring van hoe 'n trotse volk die Zoeloevolk is.

Te midde van die ontwrigting waaraan ou identiteite, tale en tradisies dwarsoor die globale wêreld onderwerp word, was dit bemoedigend om hierdie trots te kon ervaar.

Geen wonder dat daar tydens ons besoek 'n diep wete in ons gelê het dat daar tussen die Afrikaners en die Zoeloevolk verskeie gemeenskaplike dinge lê wat vorentoe ontgin moet word nie.

So 'n ontginning van dinge wat ons met mekaar deel, kan 'n belangrike bydrae lewer om die skewe persepsies oor Afrikaners in Suid-Afrika en die buiteland reg te stel. Hierdie punt word bevestig deur die reaksie van David C. Schindler, 'n bekende Amerikaanse filosoof, op ons besoek aan die Zoeloekoning. In 'n korrespondensie oor die betekenis daarvan skryf hy:

> It is striking that you, as an Afrikaner, would be able to speak with the king of the Zulu people about matters of common concern; it reveals that different traditions do not divide people in reality, at least in principle, but precisely insofar as they are genuinely traditional traditions open peoples up to each other. Modernity has such a radically skewed view of what makes dialogue possible.

Wat is die gemeenskaplike punte tussen Afrikaners en die Zoeloevolk? Soos wat die media berig het, het die gesprek met koning Zwelithini in die eerste plek oor die belangrike aktuele kwessie van grondonteiening sonder vergoeding gehandel. Die belangrike aard van dié saak het reeds geblyk uit die feit dat regter Jerome Ngwenya, voorsitter van die Ngonyama-trust, ook aan die gesprek deelgeneem het. Dit is natuurlik die trust wat beheer oor die reusagtige groot grondgebied van die Zoeloes en in die besonder die Zoeloekoning uitoefen.

Waaroor die media egter nie berig het nie, is die ander 'simboliese' kwessies wat die Afrikaners met die Zoeloekoning en die Zoeloes deel. Ons noem slegs enkeles:

Eerstens, in onlangse navorsing oor die gewoontes onder Afrikaners is bevind dat die meeste Afrikaners deur konserwatiewe sosiale waardes gekenmerk word.

Ook die Zoeloevolk word deur sodanige waardes gekenmerk. Die Zoeloekoning het telkens sy verbintenis tot sodanige waardes uitgespreek: goeie orde, dissipline, vrede, ensovoorts.

Tweedens, soos die Afrikaners is die Zoeloes ook eerder gemeenskapsmense as 'n toevallige versameling van losstaande individue. Rondom hierdie saak vorm Afrikaners en Zoeloes 'n natuurlike bondgenootskap teen die hiper-individualisme van die globale orde.

In die gesprek met die Zoeloekoning was hierdie feit as't ware die sement wat die gesprek gebind het. In toekomstige gesprekke met die Zoeloekoning sal dit verder ontgin word.



Die Nguni-bul is deur ons afvaardiging onder leiding van Kallie Kriel aan die koning tydens ons gesprek oorhandig.

Sjef Rachel Botes & melktert

Party mense sal sê sy is seker gaga oor melktert, want waarom anders sal sy 'n meestersgraad oor die Suid-Afrikaanse soetgebak aanpak.



Foto: Theana Breugem

Rachel Botes (50), 'n sjef wat vir jare lank diep in die harte van menige Pretorianers gekruip het met haar uithalerdisse by die Carlton Café Delicious in Menlopark, sê Suid-Afrikaners dink melktert is volksbesit.

"Mense dink dis dalk 'n eenvoudige tert, maar daar is soveel meer daaraan." Met haar navorsing aan die Universiteit van Pretoria se departement historiese en erfenisstudies wil sy mense se persepsie oor "wat melktert is" probeer bepaal.

Sy sê buiten vir haar liefde vir kosmaak, hou sy ook daarvan om navorsing oor kosgeskiedenis te doen, daarom het sy op dié meestersgraad besluit.

Wat sy tot dusver bevind het, is dat daar verskeie lande is wat met hulle eie melkterte spog. "Ek gaan ons melktert met ander lande se ekwivalente vergelyk."

Dit sluit onder meer Griekeland, Portugal, Spanje, China en Engeland in. Buiten vir dié lande, verskil melktert in die verskillende streke van Suid-Afrika ook.

"Die basiese bestanddele vir melktert bly altyd dieselfde, maar die Kaapse Maleiers gooi byvoorbeeld kardomonpeule by, terwyl ander weer amandelgeursel byvoeg."

"Kruisbestuiwing van die resep vir melktert, het almal 'n invloed op mekaar gehad. Watter invloede het streeksgewys die melktert beïnvloed?"

Sy het al regoor die land agter die "beste melktert" aangery en verskeie resepte, waaronder Hildagonda Duckitt, wat beskou word as Suid-Afrika se eerste kosskrywer, mevrou Dijkman, 'n Engelse sendeling se vrou, wat die eerste Afrikaanse resepteboek geskryf het en selfs Louis Leipoldt se luukse melktertresep met 16 eiers, beproef. Haar eie melktertresep het 'n marsala-stropie bo-oor.

Nataniël beskou Rachel, 'n opgeleide prokureur en gekwalifiseerde slagter, as sy (kos)mentor en vriendin. Haar restaurant was eens langs sy Kaalkop-winkel in dieselfde straat gewees. Dit is hoe hulle bevriend geraak en sy ook gereeld op sy televisieprogram, *Die Nataniël Tafel*, verskyn het waar sy in meesterklasse saam met hom disse voorberei het.

Later het sy Nataniël se winkelspasie oorgeneem en by haar restaurant gevoeg en vir byna twee dekades lank daagliks mense laat smul aan haar kos by dié gewilde restaurant en deli. Carlton Café Delicious het ná sestien jaar op 27 Julie hulle deure gesluit weens onsuksesvolle onderhandelings van die restaurant se huurooreenkoms.

Vir nou gaan Rachel voort met haar meestersgraad en die voltooiing van 'n eietydse wildskookboek. "Ek sal altyd kook op 'n manier," sê sy enkele dae voor die restaurant se sluiting.

Wat haar altyd sal bybly, is al die mense wat daagliks daar kom eet en bly terugkom het. "Ek was deel van 'n gemeenskap. Ek het tuis gevoel."

Sy sê vleis was nog altyd vir haar 'n passie gewees en daarom het sy 'n blokmankursus gedoen. Om 'n karkas te verwerk, is vir haar 'n spirituele ervaring, waar sy gebak as 'n wetenskap beskou.

Omdat sy "nie 'n eendimensionele brein" het nie, vul die slagter/bakster in haar gedeeltes van haar psige aan.

Seugnet van Zyl

STROOMOP

In Augustus het die skrywers-akteurspaar, Donnalee Roberts en Ivan Botha, hulle derde fliek en gelyknamige roman bekendgestel.

Stroomop is op Vrouedag, 9 Augustus, landwyd in fliekteaters vrygestel. In *Stroomop* ontmoet ons vyf unieke vroue wat almal besig is om in hulle eie realiteite te verdrink. In 'n desperate poging om genesing te vind, bevind die vroue hulleself op die Oranjerivier op voorgeskrewe avontuurterapie deur 'n selfhelp-groep. Wat is die ergste wat kan gebeur? Tydens die avontuur lei wrywing tussen die vroue, wat elkeen met hul eie verskuilde en selfsugtige redes op die reis gekom het, tot 'n ongeluk. In 'n spannings-volle oomblik word die gids en die vroue van die roeiboot afgegooi en rondgemaal in die stroom. Die gids spoel weg en die vroue word aan hulself oorgelaat om te oorleef in die genadelose wildernis.

Stroomop vertel 'n verhaal van lewe en dood, vriendskap, selfontdekking, vergifnis en genesing. Die vyf vroue in die film word vertolk deur Donnalee Roberts, Simoné Nortmann, Ilse Klink, Chanelle de Jager en Carla Classen.

Anders as met hulle vorige twee lokettreffers, *Pad na jou hart* en *Vir Altyd*, is beide akteurs nie dié keer saam op die silwerdoek te sien nie. Alhoewel hulle saam aan die prent gedroom, geskryf en vervaardig het, is dit Donnalee wat die vroulike hoofrol vertolk, terwyl Ivan sy debuut as rolprentregisseur maak.

Flink het by die boekbekendstelling van *Stroomop* in Pretoria gaan inloer en ook die première in Johannesburg gaan bywoon. Verskeie bekendes het ook beide bygewoon.













Ivan Botha en Donnalee Roberts en Adeline Radloff, skrywer van die roman *Stroomop*.

Jessice Fitzcharles, projekbestuurder van 17 FILMS (vervaardigers van *Stroomop*, *Pad na jou hart* en *Vir altyd*, praat met Ivan Botha en Donnalee Roberts oor hulle jongste roman, *Stroomop*, by die boekbekendstelling in Brookyn, Pretoria.


Die akteurs van *Stroomop* van links is: Chanelle de Jager, Carla Classen, Ivan Botha, Donnalee Roberts, Ilse Klink en Simoné Nortmann.



Cindy Swanepoel en haar metgesel, Duan Wanty.



Je-ani Swiegelaar en haar metgesel, Jaco Hoekstra.



Die aktrise Mila Guy.



Voormalige Mej. Suid-Afrika (1990) Suzette van der Merwe en haar dogter, Skye Goss.



Nadia Beukes en haar man, David de Villiers.



Die sanger, liedjieskrywer en komponis Dawie de Jager en sy vrou, Andea.

WEN

een van vier getekende

Stroomop-roman

SMS Stroomop na 45730 (R1,50)



Voormalige Mej. Suid-Afrika 2011, Melinda Bam, en haar sussie, Melissa.

KYK HIER

Standbeeld van *vroueregte* met interessante Suid-Afrika



Parlementsplein in Londen word begrens deur van die bekendste geboue in die wêreld – aan die oostekant die Britse Parlementshuis (insluitend Big Ben), aan die noorde Whitehall se regerings- en kantoor-geboue, wes die hooggeregshof en aan die suidekant Westminster Abbey. Die plein is in 1868 aangelê om verkeersvloei in die area te verbeter. Deur die jare is twaalf standbeelde van toonaangewende politieke rolspelers van Brittanje, die Britse Statebond en elders hier opgerig. Hulle is Winston Churchill, David Lloyd George, Henry John Temple, Edward Smith-Stanley, Benjamin Disraeli, Robert Peel, George Canning, Abraham Lincoln, Mahatma Gandhi, Millicent Fawcett en twee Suid-Afrikaners, Jan Smuts en Nelson Mandela.

Die mees onlangse onthulling van 'n standbeeld hier het op 24 April 2018 plaasgevind. Dit is die beeld van Millicent Fawcett – die eerste vrou aan wie hulde op dié wyse betoon is.

Dit is nogal merkwaardig dat 'n land bekend vir sterk vroulike leiers – dink maar aan koninginne Elizabeth I en Victoria, of Margaret Thatcher – wat boonop tans 'n koningin en 'n vroulike eerste minister het, so lank geneem het om 'n vrou op hierdie wyse te herdenk. Bowendien is dit ook die eerste standbeeld hier wat deur 'n vrou geskep is. Dit is naamlik die handewerk van die kunstenaar, Gillian Wearing. Groot gewag is in die media gemaak oor hierdie mylpaal en die publiek is opnuut herinner wie dié vrou wat hierdie eer te beurt val, was.

Millicent Fawcett (gebore Garrett, 1847-1929) was 'n sleutelfiguur in die stryd om stemreg vir vroue in Brittanje te verkry. In 1897 het sy 'n groep genaamd die Nasionale Unie vir Vrouestemreg Verenigings

Word 'n FAK-VRIEND
Klik hier

pionier in Londen
aanse verbintenis

Alana Bailey, adjunk- uitvoerende hoof, AfriForum

(National Union of Women's Suffrage Societies) tot stand gebring wat daarop gefokus het om stemreg vir vroue deur middel van nie-gewelddadige taktieke te verkry. Hulle het geglo hulle kan hulle doel deur middel van bewusmaking en oorreding bereik. Sy en mede-suffragiste *(suffragists)* het dus vergaderings hieroor gehou, optogte gereël, baniere en plakkate vertoon, briewe aan meningsvormers geskryf en petisies onderteken.

Dit was 'n opdraande stryd. 'n Meer kragdadige aktivis, Emmeline Pankhurst, wat aanvanklik deel van hierdie groep was, het gemeen sterker optrede sal nodig wees om sukses te behaal. In 1903 het sy 'n groep bekend as die Suffragette tot stand gebring, wat militant opgetree het, deur byvoorbeeld hulleself in die openbaar aan relings vas te ketting en skade aan openbare eiendom aan te rig.

Hoewel hulle verskillende tegnieke gebruik het, het die Suffragiste en Suffragette tog saamgewerk. Na afloop van die Eerste Wêreldoorlog, vanjaar 'n honderd jaar gelede, het enkele Britse vroue die eerste keer die reg gekry om te stem. Tien jaar later, in 1928, is wetgewing aangepas om te bepaal dat vroue en mans op presies dieselfde wyse sou kwalifiseer om te stem. 'n Jaar daarna is Millicent oorlede – sy het dus die voorreg gehad om die sukses van haar lewenstaak te beleef.

In Brittanje word sy onder meer ook gehuldig vir haar rol in die totstandkoming van Newnham Kollege by Cambridge Universiteit. Dit was een van die eerste universiteitskolleges in Engeland waar vroue kon studeer.

In Junie 2018 het ek die beeld besoek. Dit is werklik indrukwekkend. Millicent hou 'n banier vas met die slagspreuk "Courage calls to courage everywhere" op. Van naderby kan verstommende detail soos die tekstuur van haar rok en die stikwerk op haar skoene gesien word. Beeldhouer Gillian Wearing het uitmuntend daarin geslaag om 'n lewensgetroue standbeeld te skep wat mooi aanpas by die elf mans se bronsbeelde om die plein. Die name en afbeeldings van 59 vroue en mans wat hulle ook vir stemreg beywer het, is om die basis van die standbeeld gegraveer.

Al was my besoek byna twee maande na die beeld onthul is, was daar steeds lede van die publiek wat blomme daar kom neerlê het en baie belangstellendes wat "selfies" saam met Millicent geneem het, of die beeld van naderby bekyk het. 'n Bejaarde dame wat van die Engelse platteland af deur haar man na die stad gebring is nét om die standbeeld te sien, was so aangedaan dat sy trane in haar oë gehad het. Dit was 'n goeie herinnering aan die krag van, maar ook die noodsaak van standbeelde – oor hoe dit byna vergete rolspelers en gebeure van die verlede weer in herinnering kan roep, maar self ook direk tot ons emosies kan spreek.

Afgesien van haar bogenoemde insette, verdien Millicent om ook in Suid-Afrika herdenk te word.

'n Verlangse, interessante band met Suid-Afrika het daarmee te make dat sy vier niggies en neefs na hulle ouers se dood help grootmaak het. Een van die kinders was Elsie Rice (gebore Garrett, 1869-1959) wat haar later in Kaapstad kom vestig het en hier roem as botaniese kunstenaar verwerf het.

Van meer betekenis vir Afrikaners, is egter die feit dat Millicent in 1901 afgevaardig is as leier van die Dameskomitee wat ondersoek moes instel na Emily Hobhouse se bewerings oor die onmenslike toestande waaronder Boerevroue en -kinders tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in Britse konsentrasiekampe aangehou is. Die komitee moes die Britse regering hieroor adviseer. Dit was die eerste keer wat 'n Britse vrou in oorlogstyd met 'n verantwoordelikheid van dié omvang toevertrou is. Die kommissie het baie moeite gedoen om regverdig op te tree en soveel kampe as moontlik te besoek. Hulle het Emily se kritiek as geregverdig bevind en optrede teen die mishandeling van Boerekrygers se gesinne geëis. Millicent was wel geen vriend van die Boere nie, maar het nie geduld met onbevoegdheid gehad nie en het kampkommandante onverbiddelik oor hulle swak optrede vasgevat. Onder leiding van die komitee is verbeteringe in die bestuur van konsentrasiekampe aangebring en het sterftesyfers begin daal. Ten spyte van Millicent se rol hierin, is sy vandag haas onbekend in Suid-Afrika.

Wat stemreg in ons land aanbetref, is dit in 1930 aan kwalifiserende wit vroue toegestaan en in 1994 aan alle kwalifiserende Suid-Afrikaanse vroue. Die Suid-Afrikaanse eeufeesviering lê dus nog voor, maar die standbeeld van Millicent is 'n aangrypende herinnering aan vroue se rol in die uitbou van menseregte wat jonger geslagte vandag byna as vanselfsprekend beskou.

Bronne:
https://en.wikipedia.org/wiki/Parliament_Square
https://en.wikipedia.org/wiki/Millicent_Fawcett
https://en.wikipedia.org/wiki/Elsie_Garrett_Rice
https://www.bbc.co.uk/newsround/43783743
Elsabé Brits, *Emily Hobhouse – Beloved Traitor, Tafelberg, 2016.*

Resensie deur: **Petronel Fourie**
Uitgewer: **Umuzi**

Die groot medisyne van "Eendag, lank, lank gelede ..."


Stories en raaisels is Antoinette Pienaar se brood en botter – en sy dis 'n heerlike feesmaal daarvan vir die leser op in dié jongste boek. *Die lang man sonder skaduwee* lei die leser ligvoets deur die Karoolandskap, nooi die geestesoog om naby én ver, binne én buite te kyk, en gee die verbeelding vlerke om nuwe lewensterreine te verken.

Pienaar, wat bekend is vir die radiopraatjie "Kruie kraai koning" wat sy weekliks saam met Amore Bekker op RSG aanbied, skryf pragtig beeldend, sodat die leser sonder moeite mooi prentjies van haar stories met jou geesteskwas kan skilder. Haar beskrywings en metafore is 'n plesier om te lees en waai soos 'n vars briesie regdeur die boek. So beskryf sy byvoorbeeld 'n wintersoggend in die koue Karoo só raak: "As jy jou neus by die deur uitsteek, voel dit kompleet asof die koue se wit tande jou neus stomp afbyt."

In die dekade en 'n half wat sy as vakleerling van oom Johannes op Theefontein in die Karoo bly, het die natuur met sy landskap van skoonheid en intrige haar binnelandskap omtower na 'n plek van fonteine, bossies, bome, berge en diere. Hiér loop sy die lewenspad met 'n huppel in haar stap.

"Wanneer 'n mens die dag gebore word, word jy ook gebore met 'n pad, jou pad, 'n binnepad, en ons werk is om elke dag ons pad te loop. Om hom te loop en skoffel." Oom Johannes het dié wysheid by Antoinette tuis gebring. Nog so 'n wysheid van die oom wat haar deur diep donkertes gelei het, is dat jy jou glo voor jou bang moet staan maak.

In haar boek hunker Antoinette terug na 'n tyd toe mense nog die groot medisinale waarde van 'n storie besef het. Die verteller én die luisteraar word weggevoer na 'n tyd lank, lank gelede en in die wegvoer lê die vitamiene en minerale; die doepa en die paljas.







Deur die jare het mense toenemend agtergekom dat 'n fisieke siekte 'n emosionele oorsaak het, sê Antoinette, en as mens so na boererate luister, kom jy agter dat elke raat ook 'n storie het en dat sowel die emosionele as die fisieke aangespreek word. Die storie saam met die raat is die medisyne. In Spreuke reeds lees mens van dié waarheid, wanneer Salomo skryf: "Wees veral versigtig met wat in jou hart aangaan, want dit bepaal jou hele lewe."

Sy vertel dat 'n vriend van haar op 'n dag gevra het of sy weet hoekom mens bid voordat jy eet. Hy het verduidelik dat die emosie van dankbaarheid voor jy eet die emosionele ingesteldheid van die lewer verander. Hierdie gevoel van dankbaarheid help dat jou liggaam jou kos beter verteer. Daaglikse dankbaarheid het 'n groot positiewe invloed op jou algehele gesondheid – liggaam en gees vind baat daarby. Net so is skoonheid ook medisyne, 'n groot doepa en balsem vir die siel. Die skoonheid van 'n pragtige skildery, 'n asemrowende sonsondergang en die skitterende sterreprag is alles dinge wat groot gesondheidsvoordele inhou. Antoinette skryf dat baie skete en kwale wat die moderne mens pla, van te veel sit af kom. Om bene te rek, maak gedagtes in jou kop los en as jy gereeld 'n afspraak met jouself maak om te gaan stap, dan het jy 'n geleentheid om skoonheid te beleef.

Antoinette verduidelik dat elke siekte 'n geskenk bring. Haar eie gestoei met gordelroos het vir haar die geskenk gebring om stil te word en te voel hoe dit voel om genade vir haarself te hê. As jy genade vir jouself het, verduidelik sy, het jy ook genade vir ander mense. En genade is een van die grootste doepas.

Aan die einde van die boek gee Antoinette aan elke leser die geskenk van 'n register met kwale, doepas, rympies en raaisels met hul bladsynommers, sodat 'n mens maklik daarna kan terugverwys. *Die lang man sonder skaduwee* is 'n juweeltjie, 'n edelsteen onder Karooklippies wat 'n lagie salf oor liggaam en siel smeer.

Word 'n FAK-VRIEND
Klik hier

Die stem van Eva

Deur Christa Steyn

Ek het grootgeword in 'n tradisionele kerk, naamlik die Gereformeerde, oftewel die Doppergemeente. Ek onthou as kind het my pa sy wenkbroue gelig wanneer ons met denimbroeke of 'te kort' rokkies by die kamer uitgekom het. Tendense soos bands in die kerk of charismatiese verskynsels, soos die praat in tale, was ook taboe. Alhoewel daar deesdae skerms is waarop liedere en teksgedeeltes vertoon word, word gemeentes meestal net met 'n orrel begelei en vrouens preek gewis nie. Oor kleredrag in die kerk is daar nie reëls nie, behalwe dat 'n mens netjies moet lyk.

In ons kerk, en die huis waarin ek grootgemaak is, het ek geleer dat 'n man die hoof van die huis is, maar dat hy nie in beheer van die vrou is nie. Die vrou aan die ander kant is die ondersteuner en versorger van die huis. Ds. Christo Swanepoel, van die Gereformeerde Kerk Lyttelton, beskryf die rol van die vrou soos volg: "Die vrou in die Bybel word geskets as 'n bruid wat haar vir haar man moet versier. So is die kerk Christus se bruid. Dis 'n ereposisie."

Een ding waaraan ek onlangs herinner is, is dat daar meer kante van hierdie kerklike muntstuk is. My tradisionele en konserwatiewe verwysingsraamwerk is effens uitgedaag toe 'n hele wêreld van ander geloofsgroepe en kerke aan my bekend geword het. Vrouemaand is hier en daarom is dit miskien gepas om kortliks te kyk wat is die rol of posisie van die vrou in kerke en gelowe elders in die wêreld.


Soos reeds genoem het ek in 'n kerk grootgeword waar vroue nie mag preek nie. Groot was my verbasing toe ek van die Christ Gospel Church te hore gekom het, wat nogal deur 'n vrou gestig is. Die 92-jarige Berniece Hicks, het nie net die kerk begin nie, maar preek vandag nog amper weekliks in die Jeffersonville-gemeente, in Amerika. Sy is ook verantwoordelik vir die ontwikkeling van geloofs-materiaal en is steeds aan stuur van sake. Die kerk het intussen oorgespoel na Suid-Afrika, maar is nie vreeslik aktief en sigbaar op sosiale media nie.

Alhoewel vrouens in die Gereformeerde Kerke nie die rol van predikante inneem nie, word hulle nie in 'n ondergeskikte posisie geplaas nie. Dit was dus vir my interessant dat sommige kerke bepaalde riglyne vir vroue in hul gemeentes neerlê. Soos byvoorbeeld die Branhamites, wat deur William Branham in die laat 1940's gestig is. Branham het 'n negatiewe siening van vroue gehad en dit manifesteer in die buitengewone voorskrifte wat hy aan vroue gestel het. Dit het onder meer behels dat vrouens nie wasmasjiene of skottelgoedwassers mag gebruik het nie, geen oorbelle of grimering gedra mag word nie en dat hulle nie 'n man mag soen voordat hulle getroud is nie.

Nog 'n kerk wat my aandag getrek het, is Providence, die Suid-Koreaanse Kerk wat tans ook gemeentes in Suid-Afrika het. Soos wat ds. Swanepoel genoem het, is die vrou 'n bruid vir haar man en in dieselfde asem is die kerk die bruid van Christus. Maar wat Providence onderskei, is die feit dat jong meisies boonop as die bruid van die leier, Jung Myung-seok (JMS), beskou word. JMS is glo 'n vergestalting van God en seksuele dade met hom word geag as 'n reinigingsproses van sonde.

Dit is slegs 'n druppel in die geloofsemmer, maar hierdie enkele voorbeelde bevestig dat daar verskeie menings oor vrouwees en die waarde van vrouens in die kerk is. Maar een ding is seker, sonder Eva sal die kerk gewis half leeg wees.

Foto-erkenning: Allen Taylor



Sedert **Jan Blohm** se eerste album, *Melkstraat confessions*, in 2005 vrygestel is, het hy 'n gunsteling onder veral liefhebbers van meer alternatiewe Afrikaanse musiek geword.

Nadat hy lank stil was, het hy pas sy jongste album, *Die liefde album*, vrygestel, natuurlik met die liefde as sentrale tema. "Sondagaand" is, soos die meeste snitte op die album, sy eie komposisie. Hoewel Jan hoofsaaklik as 'n rock-sanger bekend is, wys hierdie snit 'n rustiger kant van hom. "Huis toe" is dalk een van die enkelsnitte vanaf die album; dit is 'n baie goeie snit wat hy self geskryf het. "Word wakker" is nog een van Jan se eie komposisies, en die kenmerkende deurmekaar taalgebruik wat gedurig deel van sy lirieke is, kom ook hier voor, maar andersins is dit 'n goeie snit wat wyd byval behoort te vind. "Liefde maak" is 'n pragtige snit wat 'n groot treffer behoort te wees. Die kitaarwerk op "Rodeo" is besonder goed. "Beter man" is die eerste snit op die album waarvoor Jan nie die woorde en musiek geskryf het nie; dit is 'n komposisie van Paolo Nutini, met Afrikaanse woorde wat deur Jan geskryf is. Hy doen nie gewoonlik so iets nie en daarom is dit nie 'n probleem nie. Ten spyte van die Engelse titel is "Kiss kiss Annie" 'n Afrikaanse snit; jy sal daarvan hou of jy sal nie, veral as gevolg van die deurmekaar taalgebruik. Daarteenoor is "Charlie" 'n beter snit. "Dieper blou" is 'n pragtige snit wat radiolugtyd verdien. "Johnny het die blues" is 'n goeie snit, maar dis moeilik om te sê of almal daarvan sal hou. Die laaste twee snitte is die enigste twee waarin Jan nie 'n aandeel gehad het nie. "Winternag", geskryf deur Eckard Potgieter, geïnspireer deur Eugène Marais se gedig met dieselfde naam. Eckard was vroeër jare 'n platebaas en het Jan se debuutalbum vrygestel. Eckard het dit ook al vantevore opgeneem; dis goed dat Jan dit weer ingesluit het omdat dit een van die heel beste snitte op die album is. Die laaste snit is "Beautiful in Beaufort-Wes". Dit is deur Gert Vlok Nel geskryf maar dit sal altyd met Theuns Jordaan geassosieer word. Jan se weergawe is nie naastenby so goed soos Theuns s'n nie.

Hoewel hierdie album groot byval by Jan se aanhangers sal vind, sal dit moeilik wees om enigiemand anders te oortuig dat dit die moeite werd is. Daar is wel 'n aantal goeie snitte, maar 'n mens sal self moet besluit of dit genoeg is.

Luister gerus na Liefde Maak

Daantjie Dinamiet

Tiener-Tameletjie: Albums of digitaal?

Ek onthou dit nog soos gister: Ons maandelikse "dorp-toe-gaan"-uitstappie en my ma wat so paar rand in my hand stop. Dit was nie rêrig sakgeld nie, meer 'n beloning vir harde arbeid deur die loop van die maand, jy weet – grassny, tuin skoonmaak en help met huishoudelike take …

Dit was iewers gedurende my hoërskooljare toe ek my eerste CD gaan koop het. Dit was 'n magiese gevoel om die album in my hande te kon hou, Roxette se eerste album – *Joyride*. Ek het die ure van die dag se inkopieuitstappie omgewens om net terug by die huis te kan wees om die album te kan luister. Daai jare was dit baie luuks om 'n CD-speler in jou voertuig te hê. Ek het daai album vrot geluister en moontlik die bure in die komende weke geïrriteer. Dit was die wonderlike nuwe era van die kompakskyf of CD's soos ons almal dit nou ken en noem. As jy gou 'n spesifieke liedjie op 'n album wou luister, hoef jy nie meer te 'rewind', 'fast forward' en dan eers met 'n pen of potlood so paar klein verstellings aan die kasset te maak om die liedjie te speel nie. Dit was revolusionêr – die koms van die kompakskyf (CD)!

Toe … die koms van die iPod … Baie het verander sedertdien met platforms soos YouTube, iTunes en meer (behalwe as jy in 2001 gebore was … is hierdie eintlik al wat jy ken). Die verbruik van musiek het ook drasties verander van hoe ons (die kasset-generasie) musiek verbruik en ingeneem het tot nou.

Volgens die Global Music Report 2018 (IFPI), 'n verslag wat die stand van die musiekbedryf saamvat, het stroomdienste internasionaal in 2017 met ongeveer 40% gegroei. Musiek-inkomste het met 8,1% gegroei en die fisiese verkope van albums het vir die derde agter-eenvolgende jaar met 5,4% gedaal. Wat vir my uitgestaan het, is dat stroomdienste met 40% gegroei het en aanlyn verkope met 20,5% afgeneem het. Wat beteken dit? En, hoekom neem verkope aanlyn af?

Ek het met 'n paar hoërskoolleerders gesels om uit te vind hoe hulle musiek verbruik en inneem.

Sabrina Stroud sê: "Ek kry my musiek op iTunes en laai ook musiek af van verskillende toepassings." Megan Fyfe: "Ek het Apple Music, ek betaal hulle maandeliks, maar kan enige tyd musiek aflaai en luister". Kayla Trumpelman en Danelle Buys maak ook gebruik van stroomdienste. Marilene Erasmus: "Ek gebruik die toep, Deezer, waar ek ook 'n maandelikse fooi betaal."

Dit wil voorkom dat die meerderheid tieners en jongmense van stroom-dienste gebruik maak en nie meer musiek oftewel enkelsnitte koop en aflaai nie. Volgens 'n artikel op my-broadband.co.za in April 2017 het Suid-Afrika se stroomverdienste gegroei van sowat R25 miljoen in 2015 tot meer as R107 miljoen in 2016. Volgens die International Federation of the Phonographic Industry (IFPI) was daar in 2016 ongeveer 250 000 aktiewe gebruikers van stroomdienste in Suid-Afrika gewees en daar word verwag dat dié syfer in die komende jare beduidend sal groei. Alhoewel fisiese verkope via albums, in veral ons land nog 'n plek het, is dit aan die afneem wêreldwyd en soos die verbruik van musiek op aanlyn platforms toeneem en die ouer generasie meer vertroud raak met aanlyn dienste soos iTunes, Deezer, Joox en Spotify, gaan dit die stadige dood van CD's beteken.

Laat die FAK gerus op hulle Face-bookblad weet of jy stroommusiek-dienste gebruik en of jy nog na jou gunsteling liedjie op 'n CD luister.

Pieter Cloete



@journoandbaker

Brood

Albei brode is heerlik met botter en appelkooskonfyt.

Bier- en olyfbrood



Wat jy nodig het:
4 koppies bruismeel
Halwe teelepel sout
2 teelepels gerookte paprika
80 gram gedreineerde olywe, ontpit en in skyfies gesny
1 blikkie (340 ml) bier

Hoe om te maak:
Smeer 'n mediumgrootte broodpan met bakmargarien.
Sif die meel, sout en paprika saam. Roer goed deur.
Roer die olywe deur die meelmengsel.
Roer die bier by die mengsel in en knie die deeg 'n bietjie.
Bedek die deeg en laat staan vir sowat 25 minute.
Plaas die deeg in die broodpan en bak teen 180 °C vir 'n uur.
Keer die brood uit op 'n draadrakkie.

Bierbrood met gekarameliseerde rooi uie en bloukaas





Wat jy nodig het:
4 koppies bruismeel
Halwe teelepel sout
1 teelepel gerookte paprika
10 ml suiker
10 ml sonneblomolie
10 ml botter
100 gram bloukaas (dis een wig in die winkel)
2 mediumgrootte rooi uie, fyngekap
Halwe koppie gerasperde cheddar- of Gouda-kaas
1 blikkie (340 ml) bier

Hoe om te maak:
Smeer 'n mediumgrootte broodpan met bakmargarien.
Sif die meel en sout saam, roer goed deur.
Braai die gekapte ui vir 'n paar minute in die olie en botter.
Voeg die suiker by die ui en braai vir nog 'n paar minute.
Krummel die bloukaas op die meelmengsel.
Voeg die gebraaide ui by die meelmengsel en roer goed deur.
Voeg die bier by die meelmengsel en roer weer goed deur.
Knie die deeg 'n bietjie, bedek dit en laat dit staan vir sowat 25 minute.
Plaas die deeg in die broodpan.
Strooi die cheddar- of Gouda-kaas oor die deeg.
Sprinkel die paprika bo-oor.
Bak die brood teen 180 °C vir 'n uur.
Keer uit op 'n draadrakkie.

Hoogtepunte op jou kultuur-kalender

17 Augustus
Chris Chameleon in a Boo!tiful Noise
@Blouhond

22 tot 26 Augustus
Fiela se kind
@Atterburyteater

23 Augustus
Jan Blohm #Trio
@Blouhond

23 Augustus
Steve Hofmeyr Skree
@Etienne Rousseau-teater – Sasolburg

29 Augustus
Joshua na die reën
@Blouhond

30 Augustus
Franna Benade: Emmers vol Note
@Atterburyteater

12 September
Triomf 'n Rede om te Sing! Met Steve Hofmeyr, Robbie Wessels en Sorina
@Atterburyteater

21 September
Jo Black
@Toringkerk, Paarl, Wes-Kaap

KLIK HIER om die volledige kultuurkalender te sien

Die Dameskring is 51 jaar gelede gestig met die doel om vroue te inspireer en te bemagtig om as leiers en positiewe verskilmakers hul gemeenskappe dinamies te dien en so te help bou aan 'n beter toekoms vir almal in Suid-Afrika.

Marthella Pretorius het met die hulp van vier ander Afrikanervroue Die Dameskring (DK) formeel in 1967 in Mbombela (Nelspruit), Mpumalanga gestig.

Jakkie Schutte, die eerste sekretaresse van Die Dameskring, het met dié naam vorendag gekom, omdat "dit anonimiteit gee en tog sê wat dit is".

Die leuse van die DK is: Waak en werk.

Flink het vir Marda Oosthuyzen, president van Die Dameskring, 'n paar vrae gevra. Marda se presidentstermyn kom in Oktober tot 'n einde.



Wat het Die Dameskring vir jou beteken?

Die Dameskring het my help vorm. My betrokkenheid by Dameskring het my toegerus en bemagtig om dinge, soms bokant my vuurmaakplek, aan te pak. Ek het tussen hierdie groep vriendinne geborgenheid ervaar wat ek op geen ander plek gekry het nie. Ek moes reuse uitdagings in Die Dameskring hanteer en dit het my toegerus vir baie ander uitdagings wat ek nog moontlik in my lewe sal moet hanteer. Ek het so baie geleer...oor 'n wye spektrum van die lewe. Die Dameskring is 'n organisasie vir die vrou wat met 'n visie leef, sy is aktueel en 'in die kol'. Ek het ook 'n spesiale geborgenheid binne Die Dameskring beleef en hier het my Christenskap 'n ware nuwe betekenis gekry omdat ek Christenwees hier opreg beleef het.

Wat sal jy die meeste mis?

Ek sal altyd 'n Dameskringlid bly. Ek sal my betrokkenheid met soveel kundige mense mis...ek sal die 'hartklop' van Die Dameskring mis, want uiteraard gaan ek nie meer so in die 'binnekring' betrokke wees nie. Ek sal die vennote, en spesifiek die FAK-personeel, baie mis. Ons het 'n wonderlike pad saamgestap en daarvoor sal ek Dr. Danie Langner, besturende direkteur van die FAK, en Ziegfried van Huyssteen, adjunk- uitvoerende hoof, ewig dankbaar bly.

Wat sal jy altyd onthou?

Die kameraadskap en omgee van DK-vriendinne. Nêrens anders het ek dit beleef nie, dit is 'n unieke eienskap van Dameskringlede. Ek het lewenslange vriendinne ontmoet en dit sal ek vir altyd koester. Die saamwerk en beplan om 'n gemeenskaplike doelwit te bereik sal altyd vir my as inspirasie dien en natuurlik, die geborgenheid wat ek in Die Dameskring ervaar het.

Watter raad sal jy aan die nuwe president gee?

Om die president van Die Dameskring te wees is 'n ongelooflike voorreg... 'n roeping! Ek het hierdie amp as 'n geleentheid gesien om te kan groei. Ek het dit in diepe afhanklikheid van God aanvaar en daarom het ek geweet dat Hy my sal toerus vir elke uitdaging. Hy het Sy woord gehou, want ek kon op hoë plekke veilig loop. Robert Clinton het gesê: "Om geroep te wees is om volgens God se doel en God se reëls op te tree." Dit sal dus my raad aan my opvolger wees...tree altyd volgens God se reëls op...en doen dit passievol. John C Maxwell het gesê: "A great leader's courage to fulfill his vision comes from passion, not position." Passie is aansteeklik!

Dit is belangrik dat jy elkeen in jou span persoonlik ken. Hulle het vir my kosbare vriendinne geword en dit was vir my 'n groot inspirasie. My raad aan 'n opvolger sal wees: Wees jouself, glo in jouself en lei deur te volg. 'n Mens kan niks alleen bereik nie, jy het mense nodig wat jou arms omhoog hou.

Hoekom moet vroue by Die Dameskring aansluit?

Die moderne vrou se leefwêreld het baie verander. Daar word hoë eise aan haar gestel. DK bied aan vroue 'n geleentheid om op alle terreine verryk te word, sy word toegerus vir die uitdagings van die tyd, sy word emosioneel en geestelik versterk en omvou deur spesiale vriendinne. Dit is dié plek waar jy as vrou 'volgemaak' word, inspirasie kry om weer jou roeping met passie te leef.


Volgens Marda onderskei Die Dameskring haar van ander vroueorganisasies, omdat haar lede regtig geesgenote word.

"Ons gee erkenning aan die uniekheid van elke vrou en ons fokus op dit wat vir vroue belangrik is soos haar gesin, haar geloof, taal en kultuur. Ons inspireer vroue om as leiers 'n verskil te maak in hul leefwêreld en ons raak die hart van 'n vrou aan en dít doen ander organisasies nie.

KLIK HIER vir meer inligting oor Die Dameskring

27 Augustus 1933

Die eerste vertaling van die volledige Bybel in Afrikaans verskyn



Die vertaling van die Bybel in Afrikaans lê ten grondslag van die Eerste en die Tweede Taalbeweging van ongeveer 1872 en 1902. Al die ander bedrywighede van die lede van die Genootskap van Regte Afrikaners van 1875 en daarna het eweneens die Bybel in Afrikaans as motief en beginsel ondersteun. In 1884 het ds. SJ du Toit formeel met die vertaling begin. In 1912 het ds. WJ Conradie se Kinderbybel die lig gesien. 'n Proefuitgawe van die Evangelies en die Psalms het in 1920 verskyn. In 1923 het 'n groep van die eindvertalers die taak grootliks heeltyds aangepak – drr. JD du Toit (Totius), JD Kestell en HCM Fourie. Hulle proefuitgawe is in 1929 met geesdrif ontvang. En toe, in 1933, het die Bybel volledig in Afrikaans verskyn. Die eerste besending van 10 000 Bybels is in Mei 1933 in Kaapstad afgelaai. Intussen het verdere besendings van 10 000 Bybels elk aangekom. In elke gemeente is feesgevier. Die Bybel was in ons eie taal, in Afrikaans, beskikbaar! Op 'n sentrale byeenkoms in Bloemfontein het 5 000 mense in die Marksaal vergader. Elders het 'n soortgelyke getal kinders en jong mense byeengekom. Die ontvangs was veral geseënd omdat die Bybel in 'n tyd van politieke onbestendigheid, ekonomiese agteruitgang en 'n teisterende droogte verskyn het. Die Afrikaner het later deeglik besef dat God in sy genade op die regte tydstip die Woord in Afrikaans besorg het toe alle ander aardse sekerhede rondom die Afrikaner begin tuimel het. Geen wonder nie dat 150 000 eksemplare in 1933 alleen versprei is.

Geskiedenis-hoogtepunte van die maand

1 Augustus 1936:	Die SAUK kom tot stand.
3 Augustus 1881:	Konvensie van Pretoria word onderteken.
4 Augustus 1914:	Die Eerste Wêreldoorlog breek uit.
8 Augustus 1938:	Die Simboliese Ossewatrek begin in Kaapstad.
10 Augustus 1866:	Die eerste verwysing na Antjie Somers verskyn in *The Friend* (Bloemfontein).
13 Augustus 1908:	Dr. DF Malan lewer sy beroemde toespraak: *Het is ons Ernst*
14 Augustus 1875:	Die Genootskap van Regte Afrikaners word gestig.
24 Augustus 1942:	Die Afrikaanse Handelsinstituut word gestig.
28 Augustus 1875:	ME Rothman (MER) is gebore.
31 Augustus 1918:	Dr. DF Malan lewer sy beroemde onafhanklikheidstoespraak.

Om meer van hierdie en ander gebeurtenisse te lees, **KLIK HIER of laai die afrikanergeskiedenis-toepassing af.**



MY TAAL IS KLEURVOL EN VOL TEKSTUUR.

- ANNA DAVEL

MY TAAL HET MY HELP VORM .

- MIA DE VILLIERS





MY TAAL IS DIE GRONDSLAG VAN WIE EK IS.

- HEINDRICH WYNGAARD

Jou taal is soveel meer as net woorde. Dit definieer jou.
Dis waar jy vandaan kom en waarheen jy op pad is.
Jou taal is deel van jou bestaan.

Wat maak Afrikaans vir jou onmisbaar?
Besoek www.afrikaans.com

#onmisbaar

afrikaans.com

uppeA18328